

**8 Oktober**

**Spreuke 30:7-17; (Teks: 30:13)**

### ***Hoogmoed of nederigheid?***

Die Bybel gebruik dikwels die woordjie *hoog* wanneer dit van hoogmoed praat. So lees ons in Spreuke 31:13 (1933-Vert.): 'n geslag - hoe trots is sy oë, hoe hoog is sy ooglede opgetrek! Ons lees ook van hoë harte, hoë hoofde asook hoë vestings soos die toring van Babel. Die mens wil sy mag laat geld en sy omgewing beheers.

Die geldingsdrif en magsdrif is inderdaad van die mens se diepste dryfvere. Die Satan het die mens reeds daarmee verlei in die tuin van Eden. Hy sê: Jy kan soos God wees deur van die verbode vrug te eet. Daar wou die mens al soos God wees.

Inderdaad wil die mens indruk maak. Of dit nou in die werksveld is, deur oordrewe uitrustings, deur sport of akademiese prestasie. Agter baie prestasies sit die selfgeldingsdrang verskuil. Hoogmoed is ongelukkig ook om indruk te maak ten koste van God en die naaste. Die mens wil, teen Gods wil in, meer word as wat hy gemaak is - en uiteindelik word hy veel minder (vers 12). Hoogmoed veroorsaak dat jy op ander neerkyk, maar in werklikheid diep val.

'n Gesonde beeld van myself beteken nie minderwaardigheid nie. Dit sluit wel in dat ek myself ken voor God. Hy het my gemaak. Ek is mens wat uit sy Hand leef. Ek is ook gevalle mens wat alleen deur Gods genade in Christus weer herstel word. In selfopofferende liefde het Jesus Homself nie verhoog nie, maar verlaag om my weer op te hef. Daarom roem ek nie myself nie, maar in Christus, my Verlosser en Here.

Sing: Skrifberyming 34:3

Ds. I.G.L. van der Walt (Oudtshoorn)